Laerskool Danie Malan
Tel: (012) 546-1358/1368
Faks: (012) 546-0705
Koos De La Reystraat 279
Posbus 16163
Pretoria-Noord 0116
www.daniemalan.co.za
E-pos: navrae@daniemalan.co.za

Tel: (012) 546-1358/1368
Fax: (012) 546-0705
279 Koos De La Rey Street
PO Box 16163
Pretoria North 0116
www.daniemalan.co.za
E-mail: navrae@daniemalan.co.za

OMSENDBRIEF 21 – OKTOBER 2020

Geagte ouers

PERSONEEL

Baie geluk aan T. De Villiers wat op 21 Oktober verjaar het. Baie geluk ook aan Mnr. J. Swart en Me. M. Booy wat in die vakansie verjaar.

VOORLOPIGE DATUMS VIR KWARTAAL 4 VAN 2020

23 Oktober	**11:00 - SKOOL SLUIT**
2 November	**Skool open vir al die leerders**
5 November	Leerstof & eksamenrooster aan leerders: Gr 4 - 7
6 November	Atletiek massa deelname 13:30. Ongelukkig geen toeskouers. Graad 4-7: Rapporte uit na ouers
9 November	Leiers: Aankondiging van groepe vir 2021
10 November	Oueraand - Gr 4 en Gr 5 (18:00) Koor oudisies (08:00 – 13:00) Koorafsluiting vir Gr 7 (14:00)
11 November	Oueraand - Gr 6 en Gr 7 (18:00)
12 November	Gr 1 – 3 Vakafbakening uit na ouers
17 November	**TOETS - Engels Transaksionele teks**
18 November	**GRAAD 7 AFSKEIDSDIENS – Net leerders** **DM ROCK UITDAGING R5**
19 November	**TOETS - Afrikaans Transaksionele teks** **13:30 Atletiekbyeenkoms by Danie Malan. Ongelukkig geen toeskouers.**
20 November	**FORMELE TOETSREEKS BEGIN** **TOETS – Tegnologie (Gr 7)** **TOETS – Engels Opstel (Gr 4 – 6)** In eksamen kom skool uit: 12:20 uit vir Gr R-1 12:30 vir Gr 2-3 12:45 vir Gr 5 en 6 13:00 vir Gr 4 en 7 Toesig tot 13:00
21 November	**Slow pitch dag**
23 November	**TOETS – Afrikaans**
24 November	**TOETS – Geografie**
25 November	**TOETS – Engels**
26 November	GSF: Gr R Virtuele Gradeplegtigheid **TOETS – NWT + NW**
27 November	**TOETS – EBW (Gr 7)** **TOETS – Afrikaaans Opstel (Gr 4 – 6)**
30 November	**TOETS – Wiskunde vraestel 1**
1 Desember	**TOETS – Geskiedenis**
2 Desember	**TOETS – PSW / LO**
3 Desember	**TOETS – Kuns (Gr 7)**
4 Desember	**TOETS – Wiskunde vraestel 2**

	LAASTE AMPTELIKE SKOOLDAG VIR LEERDERS
11 Desember	Rapporte en sertifikate kan afgehaal word van 07:00 – 09:00 Gr 1-7: Virtuele merietefunksie

SKOOLGELD 2021:

Op die Algemene Jaarvergadering op 21 Oktober 2020 is die skool- naskool- en Graad R-gelde vir die jaar 2021 goedgekeur:

GRAAD 1 – 7	GRAAD R	NASKOOL
• **R10 890 per jaar / R990 oor 11 maande.** • Die eerste paaiement van R990 is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2021 • **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • **Vrystelling word toegestaan.** • **Korting word toegestaan.**	• **R11 330 per jaar / R1 030 oor 11 maande.** • Die eerste paaiement van R1030 is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2021. • **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • Geen vrystelling word toegestaan vir Graad R. • **Geen korting word toegestaan nie.**	• **R11 220 per jaar/ R1 020 oor 11 maande.** • R1020 plus R200 registrasie betaalbaar voor of op 7 Januarie 2021. • **Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • Geen vrystelling word toegestaan. • **Geen korting word toegestaan.**

Die skoolgeld bly dieselfde as in 2020.

Vrystelling:

- Ouers kan vanaf 27 Januarie 2021 aansoek doen vir vrystelling. Ouers wie se gesamentlike inkomste minder as R310 000 per jaar is, begin kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling.
- Aansoekvorms vir vrystelling is op aanvraag by die kantoor beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021.
- Die volgende dokumente moet die aansoekvorm vergesel:
    - Afskrifte van beide ouers se ID's
    - 6 maande bankstate van albei ouers
    - 3 maande salarisstrokies van albei ouers
    - Stempels vanaf al die banke om te bewys dat u nie by die bank 'n rekening het nie.
    - Indien u 'n besigheidsrekening besit moet u 'n uiteensetting van bewys van inkomste en uitgawes vanaf u Geregistreerde Rekenmeester/Ouditeur aanheg

Korting:

- 'n Korting van R90 per maand word toegestaan indien die skoolfonds Graad 1 - 7 op datum is en elke maand voor die 7de in die skool se rekening beskikbaar is.
- Ouers wat hul skoolgeld eenmalig vooruit betaal kry dadelik 'n korting van R990 en hoef dus net R9900 te betaal vir die jaar.
- Die korting vir elke ouer sal bereken word teen Oktober 2021 behalwe as die ouers eenmalig betaal. Die korting wat toegestaan is sal op 1 November op u rekening verskyn.
- Die korting word elke maand bereken. 'n Ouer wat een maand laat betaal het, maar die volgende maand op datum betaal is, sal die korting kry vir die maand wat die rekening wel op datum betaal is.
- Ons stel voor dat ouers R990 betaal oor 11 maande. Indien ons in Oktober bepaal wat u korting vir die jaar is, hoef u dan nie die paaiement in November te betaal nie.

2 NOVEMBER – 100% TERUGKEER

Ons is opgewonde om u mee te deel dat ons goedkeuring gekry het om na 100% terug te keer vanaf 2 November 2020. Alle leerders kom dus elke dag skool toe vanaf 2 November.

Klasplasing:

- Ons kon daarin slaag om al die leerders te laat terugkeer op 2 November en hul steeds 1 m van mekaar af te laat sit volgens 'n goedgekeurde sitplekuitleg.
- Ons skuif die klasse met die meeste leerders na die grootste lokale en laat 3 van die graad 7 klasse in die saal sit.
- Die leerders in graad 4-7 gaan steeds nie wissel nie. Die onderwysers sal wissel.
- Graad 4-7 leerders sal 'n nuwe rooster ontvang.

Tuisskool

- Die tuisskool-opsie val weg op 2 November. Leerders moet dus almal terugkeer na Danie Malan.

Siftingsproses in die oggende

- Leerders se temperatuur gaan steeds in die oggend gemeet word.
- Om tyd te spaar gaan ons nie meer die leerders se "QR" kode skandeer nie, maar net hul siftingsvorms inneem en hul temperatuur meet.
- Hou asb. die leerders se QR kentekens, aangesien ons beplan om dit in 2021 te gebruik vir 'n ander doel.
- **Dit is uiters belangrik dat u as ouers daagliks die siftingspapier voltooi en saam met u kind skool toe stuur.**
- Al die hekke sal 06:40 in die oggende oop wees.
- Geen ouers mag die skoolterrein betree nie.
- Geen masker – geen toegang.

Covid regulasies

- Leerders gaan steeds hul hande saniteer elke keer wat hul in die klas inkom en uitgaan.
- Die klasse en toilette gaan daagliks gesaniteer word.
- Die leerders hou steeds in kleiner groepe pouse en sal 'n sosiale afstand handhaaf. Juniors en Seniors sal aparte pouses hou soos in die verlede om sosiale afstand te bewerkstellig.
- Maskers bly verpligtend.

Naskool

- Die naskool sal elke dag oop wees. Die koste is R1020 vir November.
- Nuwe leerders is ook welkom.
- Kontak Joeanne by naskool@daniemalan.co.za of 081 562 9907 vir meer inligting.

Verdaagtye

Ons moet nuwe verdaagtye deurgee om opeenhoping in die middae te voorkom of te verminder.

- **Maandag tot Donderdag:**
- Graad R – 13:00
- Graad 1 – 13:10
- Graad 2 – 13:20
- Graad 3 – 13:30
- Daar sal wagklas vir die leerders wees tot 14:00. Tref asb. reëlings met die klasonderwyser.
- Graad 4-5 – 13:50
- Graad 6-7 – 14:00
- Tref asseblief die nodige reëlings dat u kind opgelaai word op die tye soos deurgegee of tref reëlings met u kind se Gr 1-3 klasvoog.
- Ouers moet te alle tye maskers dra as u buite u voertuig is.
- **Vrydae:**
- Graad R,1,2 - 12:40
- Graad 3,4,5 – 12:50
- Graad 6 en 7 – 13:00

LEIERONTWIKKELINGSBELEID

Vind aangeheg die skool se nuwe leierontwikkelingsbeleid. Ons het die beleid reeds met ons graad 6 leerders en ouers gedeel. Neem asseblief kennis van die beleid.

KASKAR

Koop-my-kaskar:

Ons gaan die projek in 2020 afhandel.



- Elke leerder het aan die begin van die jaar 'n prentjie van 'n kaskar ontvang. Sekere dele van die kaskar het 'n R10 of R20 waarde.
- Baie van u het reeds die prentjie terug gestuur en die geld inbetaal.
- Leerders het nog tot einde Oktober om die dele van die kaskar aan familielede of vriende te verkoop. Die leerders is welkom om die dele wat verkoop is, in te kleur of sommer net dood te krap. Die prentjies word by die klasonderwyser ingehandig.
- Indien 'n leerders se prentjie heeltemal verkoop is, kan u die R200 elektronies inbetaal of via die d6 E-Wallet.
- Indien 'n leerder se R200 betaal is vir die kaskar kan u kind 'n prys kom kies.
- Die "Koop my kaskar" prentjies en gelde moet voor of op 2 November betaal wees. Alle vorms en geld moet ingegee word, ongeag of die vorm volledig voltooi is.
- Die leerder wat die meeste prentjies verkoop wen R5000, tweede meeste R2000 en derde meeste R1000.
- U mag ook net 'n gedeelte van die R200 betaal, maar ongelukkig sal u kind dan nie 'n geskenkie kan kies nie.
- Leerders wat ekstra papiere benodig kan net vir hul klasonderwysers vra.
- Die wenner sal na 2 November bepaal word en 10 November aangekondig word.

KASKAR

- Die kaskarprojek sal eers in 2021 kan plaasvind weens Covid 19 beperkings.
- Baie ouers het reeds R80 per leerder betaal en dit sluit al die onkostes in soos die hemp, kaskar huur, kuipe versier ens. in.
- Hierdie gelde gaan oorgedra word. Indien u nie die geld wil laat oordra na die 2021 Kaskar projek, epos asb vir finansies@daniemalan.co.za of kontak vir Amanda Prinsloo.
- Die Graad 7's se ouers sal gekontak word om uit te vind waarheen die geld geallokeer moet word.

DM'S GOT TALENT 2020

Ons eerste virtuele talentkompetisies het reeds afgeskop. Sien asseblief die volgende gewysigde reëlings.

Inskrywings:

Inskrywings is steeds oop en sal oop bly gedurende die kompetisie.
Leerders kan meer as 1 video oplaai/inskryf
Kostes per inskrywing is steeds R50.
Hoe gouer leerders inskryf, hoe gouer sal hulle video beskikbaar wees om voor te stem.

Hoe om jou video op te laai

1. Teken in op jou Youtube rekening of skep 'n rekening as jy nie een het nie.
2. Kliek dan op die video ikoon bo in die regterkantste hoek van die skerm.
3. Kliek dan op "upload video"
4. Volgende, kliek jy op "select files to upload" om die video vanaf jou foon of rekenaar op te laai. Of jy kan dit "drag and drop".
5. Gebruik die korrekte benaming wanneer jy die video oplaai byvoorbeeld: Karina Gouws Senior Gr 5/E3.
6. Jy het die opsie om jou video se "privacy settings" te stel na "public" of "private".
7. Jou video is nou gelaai, kopieer die video skakel en gebruik die skakel om te registreer op https://talent.sticitt.co.za/daniemalan
8. Indien jou video aan die reëls voldoen sal jou inskrywing aanvaar word.

Hoe om te stem en na videos te kyk

1. Kliek op die gegewe link: https://talent.sticitt.co.za/daniemalan
2. Kyk na die videos en stem vir jou keuse.
3. Wanneer jy op "stem" gaan kliek, gaan jy na d6 gevat word en die R2 betaal.
4. Jy kan soveel keer as wat jy wil stem.

Die maak van videos:

- Hou die foon dwars en so stil as moontlik.
- Lengte van video word beperk tot minimum 1 minuut en maksimum 3 minute.
- Vermy 'n besige of raserige agtergrond.
- Sorg dat die lig voldoende is vir 'n duidelike beeld.

BAIE BELANGRIK – You Tube het sekere regte as dit by musiek kom. Indien u musiek gebruik wat opgeneem is vanaf kunstenaars/groepe gaan YouTube die video identifiseer en van lyn afhaal. Om dit te verhoed kan u, u eie oorspronklike musiek gebruik of musiek aflaai vanaf www.ncs.io. Indien die video afgehaal word, gaan leerders se stemme van daardie video ook verlore raak.

Wenners:

Op 6 November gaan die junior (Gr R-3) en senior (Gr 4-7) wenners aangekondig word. Wenners word bepaal deur die aantal stemme.

QR kodes:

Om u te help, kan die volgende QR kodes geskandeer word.

Hoe gebruik ek die platform:

Video is op YouTube gelaai, waar skryf ek nou in en stem ek?

Hoe om videos op YouTube te laai:

Waar om musiek te kry:

Navrae/ Ondersteuning:

Indien u enige navrae het of ondersteuning benodig met die oplaai van videos of inskrywing, stuur asseblief u epos na support@sticitt.co.za

Hier is die totale stemme tot dusver. Die stemproses sluit op 6 November 08:00 waarna die wenners aangekondig word.

Shané Koekemer	647
Tiaan Lewies	544
Liné van Zyl	543
Heino Schuster	506
Liné van Zyl	209
Jannine-Mari Beyer Gr. 5/F6	155
Marco Botha	142
Kaitlin moreland	107
Dilanie Van Der Merwe	106
Isabella Sophia Coetzee	76
Jukeila Landsberg	67
D. Pieterse, W. vd Merwe, U. Breytenbach	51
Divan Botha	49
Savannah Strydom	31
Chloë Whiting	25
Donia Janse van Rensburg	21
Megan Vorster	20
Anru Moolman	4
Elzet Maritz	0
Heino Schuster	0
Omphile Malikane	0
Khutso and Lungelo	0

Navrae/ Ondersteuning:
Indien u enige navrae het of ondersteuning benodig met die oplaai van videos of inskrywing, stuur asseblief u epos na support@sticitt.co.za

LOSIE / LAPA UITVERHUUR
Ons verhuur die skool se Lapa uit vir funksies met breekware en stoele en tafels ingesluit teen R2 500 per geleentheid, met ’n R500 deposito. U is welkom om die losie te bespreek by finansies@daniemalan.co.za of te skakel en met Amanda Prinsloo te praat.

FOTOBOEK GRAAD 7

- Ons is besig om ‘n Graad 7 Fotoboek van 100 bladsye saam te stel. Die boek gaan net Graad 7 foto’s van die jaar bevat en gaan volkleur wees. Die koste per boek is **R250.00** vir ’n sagtebandboek. Voorbeelde kan besigtig word by die kantoor. **Indien u ’n elektroniese betaling doen moet u, u familiekode en fotoboek as verwysing gebruik. Indien u dit nie doen nie gaan u betaling nie na die korrekte begrotingsrekening geplaas word nie. Dring ook aan op ‘n kwitansie en hou asb. tot u die fotoboek ontvang het.** Die laaste dag vir betalings is 30 November. Die volgende foto’s gaan in die boek verskyn:
  - Klasfoto’s en enkelfoto’s van elke graad 7 leerder en klas.
  - Waatlemoenfees, Sokkie, Gedenkmuur, Merietefunksie, Kleurfees, Atletiek, Netbal, Tennis, Koor, Skaak, Terug skool toe na inperking, lockdown foto’s ens.
- Neem kennis dat die leerders die boek eers in 2021 sal ontvang. Ons sal u per SMS inlig as u die boek kan kom afhaal.

HERWINNING

- Onthou om papier, karton, plastiekbottels en blikkies skool toe te stuur.

- Ons versoek dat u dit nou in hierdie tyd self op ‘n Dinsdag of Woensdag voor die herwinningshek net bokant die kantooringang in Koos de La Reystraat sal gaan aflaai.
- U kan dit op die sypaadjie voor die hek los. Lucky sal dit daar kry.
- Maak seker dat die items wat u bring reeds skoon is en wel herwin kan word.
- Koerantpapier en tydskrifte kan nou weer herwin word. Bring dit dus gerus in.
- MOET ASSEBLIEF NIE WEGGOOI NIE. HERWIN DIT EERDER.

NASKOOL

Die naskool sal van 2 November 2020 ten volle fuksioneer.
Naskool fooie vir November beloop **R1020.00** per kind (vir elke dag bywoning).
Kontak vir Joeanne vir meer inligting rondom die naskool.
Tel: 081 562 9907
E-pos: naskool@daniemalan.co.za

ONBEKENDE DEPOSITO’S

- Die volgende elektroniese betaling ontvang, se verwysingsnommer is foutief en kan nie na die korrekte skoolrekening geallokeer word nie.

Datum	Verwysing gebruik	Bedrag
2020/02/12	EC E Bennett	R1000,00
2020/07/01	Skool Fonds	R800,00
2020/08/25	Capitec Rek Skuld	R500.00
2020/08/31	Capitec C NIemann	R500.00
2020/08/31	EC H Naberman	R40.00
2020/09/18	2605	R100.00

- Kontak asb. finansies om regstellings aan te bring.
- Neem asseblief kennis: U moet u familiekode as verwysing gebruik.
- Indien u vir skoolfonds en naskool saam betaal, moet u saam met die familiekode ’n SK vir skoolgeld en NA vir naskool byvoeg.
- Indien u vir iets anders behalwe skoolgeld moet betaal moet u die familiekode en ’n addisionele verwysing soos Behoeftige fonds byvoeg.

Geniet die week.

Groete

Hettie Smith

Hettie Smith

LEIERBELEID

1. VOORWOORD

'n Leerderraad van die skool word gekies omdat die skool as opvoedkundige instelling die plig en verantwoordelikheid het om leier opleiding te doen, die leerder verantwoordelikheid en pligsbesef op 'n vroeë ouderdom aan te leer, en die natuurlike talente van leerder te ontwikkel.
In die strewe na die ontwikkeling van alle moontlikhede en talente van leerder, word leierskapsontwikkeling op 'n deurlopende basis vanaf Graad 1 tot en met Graad 7 aan alle leerder gebied.

2. PROSEDURES

- Graad 6 leerder doen aan die begin van September aansoek op 'n aansoekvorm om op die volgende jaar se leederraad te dien.
- Leerders wat deel wil wees van die leerderraad van die komende jaar, moet skriftelik op die amptelike aansoekvorm aansoek doen voor of op die sperdatum gegee.
- In Oktober kry die personeel wat die huidige Graad 6 groep onderrig, die geleentheid om aan die verkiesingsproses deel te neem. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die betrokke opvoeders in die voorafgaande jare reeds die kandidate waargeneem, krities beoordeel het en uit ervaring verantwoordelike keuses sal maak. Daar word op die integriteit van onderwysers staatgemaak om nie aan die proses deel te neem indien hy/sy nie goed met die leerder bekend is nie. Ander onderwysers mag slegs betrokke wees as hulle al die leerders ken of met die hele groep gewerk het in die betrokke jaar. Geen personeellid wie se kind/ kinders in die Graad 6 groep is, mag betrokke wees by die verkiesing van die leiers nie.
- Elke personeellid ontvang 'n lys met die aansoeke, en dui dan hulle keuse op die vorm aan. Die vorm bestaan uit verskeie kategorieë, wat die stembrief vir personeel uitmaak. Daar moet vir elke leerder wat aansoek gedoen het punte gegee word vir
    - Deelname (Sport en kultuur) – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Leiding neem (leierskap) - – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Respek – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Verantwoordelikheid - 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Kommunikasievermoë (kinders aanspreek wat verkeerd doen, gebed afsluiting, open ens.) – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Deursettingsvermoë (Sal die leerder sy dienspunt elke keer beman tot aan die einde van die jaar) – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Positiewe gesindheid – 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
    - Portuurgroep interaksie - 8 (Geen 0 min 2 gemiddeld 4 baie 6 uitsonderlik 8)
- Daar kan van die leerdere verwag word om hulself aan die personeel bekend te stel op 'n afgespreekte tyd in die stemperiode. Dit sal vooraf met die leerdere en hul ouers gereël word.
- 'n Leerder ontvang ook die geleentheid om vir die leerderraad te stem, maar slegs die Graad 6 leerders neem deel aan die verkiesing.
- Die leerderraad word saamgestel uit die top Graad 6 leerders (minimum 30, maksimum 40) wat puntesamestelling betref ongeag die aantal seuns of dogters betrokke.
- Personeel se stemme tel 60% en die leerders 40%.
- 'n Leerder wat gedurende die jaar 20 debiete ontvang het, word nie in aanmerking geneem om 'n leerderraadslid te word nie.

- Die leiers word aan die einde van Oktober bekendgemaak.
- Indien daar ‘n jaargroep is waar die personeel nie vir al die klasse onderrig nie, word die volgende prosedure gebruik:
    - Die leerders kry punte in al die vakke behalwe MBK en leessentrum. Die twee of meer afsonderlike personeel stem slegs vir die klasse vir wie hul skool hou. Die afsonderlike punte word dan onder daardie vak ingelees.
    - Die leerder ontvang dan ‘n totale punt wat 60% van die globale punt tel.
    - Indien ‘n personeellid vir korter as 3 maande vir die betrokke groep skool hou sal daardie vak se punte nie in ag geneem word nie.

3. PROSEDURES: HOOFLEIERS

3.1 Bepaling van die ses hoofleiers:

- Die hoofleiers word aangewys uit die top 5 kandidate van die seuns en dogters onderskeidelik.
- Daar word drie hoofleiers seuns en drie hoofleiers dogters aangewys.
- Elkeen kry die geleentheid om vir ‘n termyn as hoofseun en hoofdogter diens te doen sodat hulle aan soortgelyke take blootgestel kan word.
- Die name van die hoofseun en hoofdogter wat die eerste kwartaal aan diens is, word met die meriete-aand deur middel van ‘n trekking gedoen. Die keuse vir die tweede kwartaal word op dieselfde wyse gedoen en die oorblywende name sal dan die derde kwartaal diens doen.
- ‘n Leerder moet vanaf die begin van hul Graad 6 jaar ‘n ingeskrewe leerder van Laerskool Danie Malan wees om te kwalifiseer as hoofleier.
- Hoofleiers word tydens die jaarlikse Meriete geleentheid aangekondig.

3.2 Bepaling van die hoofseun en hoofdogter:

- Aan die einde van die derde kwartaal word die hoofseun en hoofdogter aangewys vir die jaar.
- Die finale keuse van die hoofseun en hoofdogter sal weer met behulp van stembriefies beslis word. Die leiers stem vir die beste hoofleier (seun en dogter) en hul stem tel 25% (‘n leier mag net een keer stem en nie by die leiers en Graad 7’s stem nie), die leiervoogde stem en hul stem tel 25%, die Graad 7 leerders stem en hul stem tel 25% en die personeel wat vir die leerders skoolgehou het in die betrokke jaar stem ook en hul stem tel ook 25%.

4. INHULDIGING

- Inhuldiging van die leerderraad word tydens ‘n spesiale geleentheid gehou, eers nadat die hoofleiers aangekondig is.

5. OPLEIDING

- Die leerderraad neem net na die eindeksamen aan ‘n leieropleidingskamp deel, om opgelei te word om volwaardige leiers in Laerskool Danie Malan te wees. Daar is kostes aan verbonde van ongeveer R750.

6. DISSIPLINERING/ ONTHEFFING

- Na 10 debiete : ’n *Leier* se ouer moet ’n afspraak met die adjunkhoof maak, sodat oplossings vir die leier se swak gedrag gevind kan word. Die leier se ouers onderteken dan

’n verklaring waarin hulle bevestig dat hulle kennis dra daarvan dat as die leier nog tien debiete kry hy/sy ’n dissiplinêre verhoor moet bywoon.

- Na 20 debiete: ’n *Leier* moet ’n dissiplinêre verhoor bywoon, en sal sy/haar raadbalkie permanent verloor as die leier skuldig bevind word.
- Voortdurende pligsversuim soos afwesighede van vergaderings en afwesigheid by dienspunte sonder ’n geldige verskoning sal gestraf word deur aan sodanige leerderraadslede 5 debiete te gee.

7. KLEREDRAG

Leerderraad het spesiale drag. Seuns: grysbroek met wit hemp, skoene en kouse indien baadjie gedra word. Dogters: Geruite rompbroekie of romp met wit hemp, skoene en kouse indien baadjie gedra word. Die hoofleiers dra groen baadjies. Daar is ‘n koste aan verbonde om die klere aan te koop.

8. VERGADERING

Maandae oggende om 07:00 is daar leerderraadsvergaderings en almal moet teenwoordig wees.

9. ERKENNING

Daar word weekliks ‘n leier vir die week aangewys. Die personeel besluit weekliks wie die toekenning gaan ontvang en skryf ‘n kort motivering.

10. PLIGTE

- Alle leiers is van 07:00 in die oggend af aan diens.
- Leiers moet te alle tye hulle balkies dra.
- Leiers moet te alle tye ‘n goeie voorbeeld stel.
- Om ‘n leier te wees is harde werk en geen leier moet spesiale voorregte verwag vir die diens wat hy/sy lewer nie.
- Dit is al die leiers se taak om toe te sien dat die leerders papiere optel, anders moet hulle dit self doen.
- Die hoofseun en hoofmeisie moet sorg dat dissipline van leerderraadslede uitgeoefen word.
- ‘n Volledige pligstaat word aan elkeen gegee met die leiersopleiding.
- Hulp met opruiming na funksies of byeenkomste.

LAERSKOOL
DANIE MALAN

012 546 1358 | navrae@daniemalan.co.za
www.daniemalan.co.za | Koos de La Rey straat 279, Pretoria Noord

Ons benodig *PUNTDIENSBEAMPTES.*

Indien u belangstel kontak asseblief Joan Anagnostou by 073 553 0138.

We are in need of *POINTS MEN.*

If you are interested please contact Joan Anagnostou at 073 553 0138.